

Verdere besinning oor die tema van aborsie is reeds vir 'n geruime tyd op die agenda van die NG Kerk se Algemene Sinode (AS).

In 1982, meer as veertig jaar gelede, het die AS 'n volledige studiestuk oor aborsie hanteer. Die verslag is gebaseer op die boek van prof DA du Toit, "Die Christen en Aborsie". (In dieselfde jaar het die AS ook gepraat oor twee ander sake wat met reprodktiewe gesondheid verband hou, naamlik Gesinsbeplanning en Kunsmatige Inseminasie - Agenda 1982: 458-459; 464.)

In 2011 het die AS 'n nuwe opdrag oor aborsie gegee: "In die lig van die toenemende aantal tienerswangerskappe en groot getal aborsies wat jaarliks in SA plaasvind, gee die AS opdrag aan ATLAS om 'n ondersoek te doen oor die hele aangeleentheid" (AS Notule 2011:38). Die AS het intussen vorderingsverslae ontvang, waarvan die onderstaande dokument, "Opdrag oor Aborsie: Vorderingsverslag", die volledigste is.

Die AS het sedert sy 2011-opdrag geen beleidsbesluite oor aborsie geneem nie, maar mettertyd eerder daarvoor gekies dat die tema op 'n "gesprekmatige wyse" in (dikwels bitter moeilike en traumatiese) pastorale kontekste hanteer word.

Die rol van die Taakspan vir Leer en Aktuele Sake (ATLAS) is om Bybelse en teologiese perspektiewe, asook inligting uit verskeie navorsingsvelde en Suid-Afrikaanse samelewingsverbande in 'n "bundel vir gesprekvoering" oor aborsie te versamel sodat gemeentes dit in hulle spesifieke situasies kan gebruik in die soeke na helderheid en wysheid.

Hierdie Vorderingsverslag van 2023 moet gelees word as 'n werksdokument in bogenoemde onderskeidende proses.

ABORSIE/ REPRODUKTIEWE GESONDHEID (2023)

Uit: AS 2023 Agenda / Taakspan vir Leer en Aktuele Sake (ATLAS) Verslag, Punt 6, bl 77 e.v.

6. OPDRAG OOR ABORSIE: VORDERINGSVERSLAG

6.1. INLEIDENDE OPMERKINGS

Hierdie verslag dien as vorderingsverslag, om die Algemene Sinode in te lig oor die prosesse en werksaamhede met betrekking tot die opdrag wat ATLAS by die Algemene Sinodesitting van 2019 oor die etiese kwessies rakende aborsie ontvang het.

By die Algemene Sinodesitting van 2019 het die motivering en aanbeveling van ATLAS oor aborsie soos volg gedien (AS Agenda 2019: 263-264):

Motivering 2019: "In ATLAS se navorsing oor die gesprek rondom aborsie het ons onder die indruk gekom van verskillende ervarings, benaderings en gesigspunte onder gelowiges. In die jongste tyd het daar veel gebeur in Bybelnavorsing, mediese navorsing, die vakgebied van etiek, sosio-ekonomiese navorsing en die grondwetlike bestel in SA en Namibië. Daar is in verskillende sinodale gebiede indringende en inklusiewe gesprekke oor hierdie saak gevoer. Ons meen dat verdere besinning noodsaaklik is. Ons oordeel dat dit nie raadsaam is om by hierdie sinodesitting 'n nuwe formulering vir besluitneming voor te lê nie.

In die bespreking van verskeie insette het die taakspan (wel) onder die indruk gekom van drie dinge waaroor saamgestem word:

- (i) Ons is ernstig oor die gesag van die Skrif;
- (ii) Ons aanvaar dat God die gewer van alle lewe is en dat God dit baie kosbaar ag;
- (iii) Ons erken dat 'n verskeidenheid van stemme gehoor moet word in die gesprek (stemme vanuit die Skrif en tradisie, die ekumene, die mediese wetenskap, die regsweese en van mense wat direk geraak word)."

Die aanbeveling van 2019 is sonder wysigings goedgekeur (AS 2019 Handeling: 170):

"Die sinode versoek ATLAS om binne die volgende raamwerk navorsing te doen oor etiese kwessies rondom aborsie:

- Maak insette bymekaar van Bybelse en sistematiese teoloë; werk wat tans gedoen word rondom reprodutiewe gesondheid; navorsing wat reeds deur ATLAS-lede gedoen is; insette van medici en regsgeleerdes; insette van lidmate wat hierdeur geraak is.
- Sien toe dat hierdie proses inklusief en deelnemend is.
- Verwerk die insette tot 'n hanteerbare bundel vir gespreksvoering.
- Sirkuleer die bundel vir gespreksvoering na die verskillende sinodes se taakspanne vir leer- en aktuele sake vir gespreksvoering en kommentaar.

Fokus van hierdie vorderingsverslag oor die opdrag i.v.m. aborsie:

Die fokus van hierdie verslag is om helderheid te bied oor die werkswyse wat tot dusver gevolg is in die uitvoering van die opdrag en om die huidige posisie van ATLAS aan te dui, onderweg na die uiteindelijke voorlegging van 'n deeglik nagevorsde gespreksdokument (of bundel vir gespreksvoering). Hierdie opdrag is omvangryk, en die gespreksmatige benadering wat in die navorsing en ontwikkeling van die bundel gevolg word, vereis 'n langerdurende en deeglike proses, eerder as 'n (oor)haastige uitklaring of daarstelling van 'n enkele standpunt vir goedkeuring. Die ATLAS-kernspan is daarvan bewus en dit moet duidelik beklemtoon word dat hierdie verslag geensins as die finale produk of afhandeling van die 2019 opdrag aangebied word nie.

6.2. WAAROM 'N BUNDEL VIR GESPREKVOERING OOR ABORSIE?

Die ontwikkeling van 'n bundel vir gespreksvoering oor aborsie strook met ATLAS se keuse vir 'n dialogiese en deelnemende benadering tot gereformeerde etiese onderskeiding. Soos uiteengesit tydens die Algemene Sinodesitting van 2019 en bevestig in werksaamhede gedurende die afgelope termyn, is dit belangrik dat die NG Kerk leer en oefen hoe om deur middel van egte en opregte gespreksvoering saam op reis te gaan in die onderskeiding van God se wil. ATLAS is oortuig dat gespreksvoering oor die praktiese implikasies van geloofsoortuigings (waaronder etiese perspektiewe) moet plaasvind binne die raamwerk van die verhouding met God Drie-Enig, die Skrif, medegelowiges, die tradisie waarbinne ons staan en die kontekste van ons eie tyd (sien AS Agenda 2019: 261-262).

Die saak van aborsie is geweldig kompleks, omstrede en sensitief. Teologiese nadenke en gesprekke hieroor vind plaas binne die geleefde werklikhede van vroue, huweliksmaats, families en vriende, wat op verskillende maniere hierdeur geraak word. Terugvoer vanuit verskeie kerklike kringe beklemtoon voortdurend die behoefte aan pastorale hulpmiddels vir ondersteuning en begeleiding in hierdie verband, soos ook met ander reprodutiewe gesondheidskwessies. Hierdie kwessies sluit

byvoorbeeld ervarings van miskrame, stilgeboortes, infertiliteit en ander verwante sake soos gesonde seksualiteit, huweliksvoorbereiding, aanneming, gesinsbeplanning, egskeiding, hertroue, en saamgestelde gesinne in.

Die mees “onlangse” navorsing wat in verslagvorm by die Algemene Sinode oor aborsie gedien het, was die verslag deur dr. DA du Toit tydens die Algemene Sinodesitting van 1982. Hierdie verslag was gebaseer op sy boek, *Die Christen en Aborsie* (NG Kerkboekhandel, Pretoria, 1978). Die verslag het die vraag na die begin van die mens se lewe ondersoek en ‘n lys van moontlike “indikasies” vir aborsie geëvalueer. Die verslag het ‘n duidelike “nee” ten opsigte van aborsie bepleit op grond van die oortuiging dat dit nooit God se wil kan wees dat ‘n mens willekeurig en na goeddunke doodgemaak word nie. Die verslag het beklemtoon dat die ongebore kind van die begin af volledig mens is, en dat God as die Skepper van lewe alleenlik beskikkingsreg het oor die beëindiging van lewe. Daar is wel bepaalde omstandighede waar aborsie wel toelaatbaar is, maar die “nee” vir aborsie moet gehandhaaf word, selfs as ons onder bepaalde uitsonderlike omstandighede daartoe gedwing word. Volgens die 1982 verslag kom hierdie uitsonderlike situasies baie min voor. Sien die verslag by https://www.kerkargief.co.za/doks/acta/AS_Agenda_1982.pdf. Die volgende aanbeveling is in 1982 aanvaar (AS Acta 1982: bl. 1242): *“Die Sinode bevind in die lig van die Skrifgegewens en die stand van wetenskaplike gegewens, dat aborsie ontoelaatbaar is. In die hoogs uitsonderlike gevalle van volkome onafwendbaarheid, bly dit nog steeds ‘n saak wat nie volgens God se geopenbaarde wil is nie en daarom slegs met diepe worsteling, skuldbelydenis, pyn en onder felle protes aanvaar kan word.”*

Hierdie formulering word nou, na vier dekades, onder die vergrootglas geplaas (sien AS Agenda 2015: 254; AS Acta 2015: 63). Politieke, sosiale, ekonomiese en godsdienstige skuiwe wat sedertdien in die NG Kerk, Suid-Afrika en globaal plaasgevind het, moet verreken word. ‘n Aansienlike hoeveelheid navorsing – binne en buite die teologie – is sedertdien oor reprodutiewe gesondheid en aborsie gedoen. Ten einde sinvolle gesprekvoering moontlik te maak, is dit nodig om op ‘n bevatlike manier teologiese en ander perspektiewe op die tafel te plaas. Hierdie perspektiewe kan die gesprekke informeer en deelnemers help om die breër landskap waarbinne etiese onderskeiding oor aborsie plaasvind, te verreken. Die perspektiewe is afkomstig van navorsers in verskeie velde wat vertrou is met die Suid-Afrikaanse konteks. Teologiese insette word verkry van kollegas verbonde aan die teologiese opleidingsinstansies van die NG Kerk, en is dus ook persone wat vertrou is met die plaaslike kerklike diskoerse en landskap. ATLAS volg ‘n deurlopende proses van gesprekvoering en dialoog in die ontwikkeling van die raamwerk en inhoud van die bundel.

Sedert die opdrag in 2019 goedgekeur is, het die projekspan, die ATLAS kernspan, lede van die ASM en ATLAS-verteenwoordigers van streeksinodes insette gelewer (onder andere Maart 2020, Mei 2021, Nov. 2021, Mei 2022, Nov. 2022, Mei 2023, Maart 2023, Junie 2023). Hierdie terugvoer word noukeurig deur die projekspan aangeteken en in die voortgaande proses geïnkorporeer.

6.3. KONTOERE VIR DIE ONTWIKKELING VAN DIE BUNDEL VIR GESPREKVOERING OOR ABORSIE

Die projekspan beskou die identifisering van bepaalde kontoere as ‘n sinvolle vertrekpunt vir die daarstel van ‘n bundel vir gesprekvoering oor aborsie. Hierdie kontoere dien as roetemerkers vir die proses en sluit die volgende in:

Eerstens is die saak van aborsie ‘n geweldige komplekse, sensitiewe en gelaaide saak wat regoor die wêreld – binne en buite kerklike omgewings – aandag kry. Die NG Kerk is nie die enigste denominasie wat hieroor besin nie. Die Christelike godsdiens is ook nie alleen in hul soeke na verheldering oor die

saak van aborsie nie. Dit ontlok om verskeie redes sterk emosies, en is 'n saak waaroor mense sukkel om mekaar met respek aan te hoor. Daarom moet daar nie net besin word oor wát oor aborsie gesê word nie, maar veral ook oor hóé met mekaar (en as kerk met die publiek) gepraat word.

Tweedens word gesprekke in Suid-Afrika oor aborsie, veral in Christelike kringe, sterk aangevuur deur Amerikaanse politieke verwickelinge en retoriek uit beide sogenaamde behoudende en liberale groeperinge. In die VSA sien ons die polariserende impak van twee-party politiekery op elke moontlike gebied, juis ook wat betref die Christelike godsdiens en moreel-etiese sake. Suid-Afrikaanse Christene en ook NG Kerk lidmate moet daarteen waak om ingetrek te word in diskoerse wat nie die eiesoortige kontekste van ons land verreken nie. Ons kontekste word gekenmerk deur die pynlike geskiedenis van verontmensliking, kolonialisering, nasionalisme, apartheid, armoede, werkloosheid, gender-gebaseerde en seksuele geweld, om maar enkele voorbeelde te noem. Daarom is dit belangrik om die teologiese en pastorale gesprek oor aborsie doelbewus binne ons eie konteks te voer en nie toe te laat dat 'n gesprek wat uit 'n ander konteks kom ons polariseer nie.

Derdens, in teologiese en etiese besinning oor reprodutiewe gesondheid, veral die saak van aborsie, moet daar erken en bely word dat diegene wat direk hierdeur geraak word met hul lywe – vroue – deur die geskiedenis heen in die Christelike tradisie en ook in die NG Kerk die minste ruimte gegun is om hul stemme te laat hoor. Geen teologiese, etiese of hermeneutiese besinning oor reprodutiewe gesondheid is moontlik sonder om erkenning te gee aan die werklikheid van eeue se ervarings van reprodutiewe verlies deur vroue nie – hetsy deur miskraam, stilgeboorte, aborsie, of na-geboorte sterfte – wat eenvoudig nie gehoor of erken is nie. Die pynlike ervarings van paartjies wat hierdie vorme van trauma al moes beleef, of wat ingrypende lewe-en-dood besluite moet neem (dikwels onder geweldige tydsdruk), is nog lank nie genoegsaam geag of gerespekteer nie. Baie mense wat persoonlik geraak is deur aborsie, verkies noodgedwonge om in stilte en tot 'n groot mate alleen daarmee te reis, omdat daar min veilige ruimtes is om met vrymoedigheid daaroor te praat. Wanneer die NG Kerk en haar lidmate oor aborsie gesprek voer, moet dit gedoen word vanuit die verstekposisie dat daar in enige gesprek moontlik iemand is wat op 'n bepaalde manier persoonlik daardeur geraak word. Dit is nie bloot 'n gesprek oor 'n objektiewe saak nie, maar oor mense, hul liggaamlikheid, en bepaalde kontekste waarbinne sekere keuses uitgeoefen moes of moet word – tesame met moontlike trauma. Uit die terugvoer wat ontvang is, het duidelik geblyk dat daar algemene instemming bestaan dat die projek 'n pastorale gerigtheid sal hê en dat die bundel vir gesprekvoering behulpzaam moet wees in sensitiewe pastorale situasies, waar mense trauma moet hanteer en verwerk.

Vierdens, die fokus van die bundel vir gesprekvoering is teologiese besinning. Die kerk se bydrae tot die gesprek oor aborsie is teologies van aard. Die kerk moet egter wel met aandag luister na mense wat bydraes lewer vanuit ander velde, soos medici, regsgeleerdes en maatskaplike werkers. Maar wanneer ons in gesprek tree met mense uit ander velde, asook met mense wat direk deur aborsie geraak word, doen ons dit as teologiese en kerklike gespreksgenote.

6.4. MOONTLIKE RAAMWERK VIR DIE BUNDEL VIR GESPREKVOERING OOR ABORSIE

Vir die bundel vir gesprekvoering stel die projekspan in hierdie stadium 'n raamwerk voor wat verskeie gespreksgenote betrek. Om die breër landskap te verken word gekyk na formuleringe van die Wêreld Gesondheidsorganisasie. Binne die Suid-Afrikaanse konteks word geluister na stemme vanuit die sosio-politiek, verpleegkunde, psigiatrie, maatskaplike werk en regsgeleerdheid. Teologiese stemme uit die vakgebiede van Ou- en Nuwe Testament, die sistematiese teologie, etiek

en pastoraat kom ook aan die orde. Gesprekke van die werkgroep met die ATLAS-kernspan, die ASM en ATLAS-verteenwoordigers van streeksinodes word ook in die vooruitsig gestel. Verdere terugvoergesprekke word gereël deur die werkgroep. Die bundel vir gesprekvoering wil uiteindelik ook 'n pastorale handleiding wees, ter wille van die begeleiding van persone met geleefde ervarings van en met aborsie. Daarom sou dit ook belangrik wees om na die stemme van mense wat direk geraak is deur aborsie te luister.

6.5. TERUGVOERGESPREEKKE MET DIE ASM EN SINODALE VERTEENWOORDIGERS

Die insette wat tot dusver oor ATLAS se werksdokument van ASM-lede en sinodale verteenwoordigers ontvang is, sluit veral die volgende in:

- Bied materiaal wat leraars, beraders, ouers en mense wat direk geraak word in komplekse pastorale situasies sal bemagtig in plaas van inligting wat uitloop op 'n sinodebesluit.
- Verpak die dokument op 'n manier wat die doel van toerusting vir pastoraat dien.
- Voer nog terugvoergesprekke met sinodes. Betrek nog deelnemers in sinodes.
- Praat ook oor die 1982 verslag en besin oor die redes waarom die kerk toe geformuleer soos dit gedoen is?
- Maak seker dat die perspektiewe van die ongebore kind, die pa, die familie en die samelewing ook aan die orde kom.
- Gee aandag aan Skrifgegewens soos die sesde gebod, Jeremia 1 (God ken Jeremia voor Hy hom skep), Psalm 139 (God ken die kind reeds voor geboorte), Genesis 1 (die beeld van God).
- Gee aandag aan temas in die belydenisskrifte wat hierop betrekking het.
- Neem die skuldgevoelens wat mense na afloop van aborsie ervaar in ag.
- Bestudeer die nuutste navorsing oor wanneer lewe begin.
- Maak dit duidelik dat aborsie – al is dit soms lewensnoodsaaklik, of die allerlaaste beste moontlike uitweg – nie gebruik mag word om bloot ongewenste swangerskappe te beëindig nie.

6.6 TEN SLOTTE

Ten spyte van die groot omvang van die werk vir die bundel vir gesprekvoering oor aborsie en die langtermyn toewyding wat dit verg, is die projekspan hoopvol oor die bydrae wat dit sal kan lewer – ook ten opsigte van verwante sake oor reprodktiewe gesondheid. Die ontwikkeling van so 'n bundel het die potensiaal om dieper onderskeiding en groter sensitiwiteit te kweek in ons etiese besinning en ontmoetings met God te bemiddel in diep persoonlike en brose ruimtes. Dit het ook die potensiaal om behulpsaam te wees in uiters sensitiewe en uitdagende pastorale situasies, wat meestal met diep trauma gepaard gaan. Hierdie projek is en bly 'n reuse verantwoordelikheid, wat met omsigtigheid hanteer word.

Die Algemene Sinode van 2023 het na aanleiding van bogenoemde vorderingsverslag soos volg besluit:

Uit: Notule AS 2023, bl 53

6.7 AANBEVELING (goedgekeur): OPDRAG OOR ABORSIE (punt 6.7, p.81)

In die lig van ATLAS se vorderingsverslag oor die opdrag in verband met aborsie en die bekendstelling van die proses waarvolgens 'n bundel vir gesprekvoering oor aborsie ontwikkel word, versoek die Algemene Sinode van 2023 vir ATLAS om

6.7.1. die proses voort te sit ten einde die bundel by die Algemene Sinode van 2027 vir sinodes beskikbaar te maak;

6.7.2. die bundel volgens die deelnemende werkswyse waarmee tydens die afgelope termyn 'n begin gemaak is, te ontwikkel;

6.7.3. die sterk klem in die terugvoering dat die bundel plaaslike pastorale kontekste sal dien, deeglik in die ontwikkeling te verreken.